# Hoërskool Montagu Ondersteunersklub (HSMO)

## Finansiële Bydrae Beleid 002 (Skool perseel en toerusting)

**DOEL VAN DIE BELEID**

Die doel van die HSMO Finansiële Bydrae beleid (skoolperseel en toerusting) 002 is om te verseker dat alle aansoeke om finansiële ondersteuning ten opsigte van verbeteringe en onderhoud by die skool, vir aankope van toerusting of ander kapitale uitgawes, met oorleg oorweeg en geëvalueer word.

**BELEID UITEENSETTING**

Die beleid is gebaseer op die volgende punte:

1. Die SBL moet jaarliks teen die einde van November 'n begroting (met 'n geskatte bedrag) ingee van beplande aansoeke vir die nuwe jaar. Dit sal die HSMO Bestuur in staat stel om 'n basiese begroting vir die volgende jaar te kan optrek. Finansiële bydraes sal slegs oorweeg word indien dit op skrif ingedien word.
2. Ad hoc of onbeplande verbeterings, uitgawes en/of aankope wat nie deel van die beplanning was soos per punt 1, sal op 'n afsonderlike basis ondersoek en geëvalueer word.
3. Enige aansoeke wat nie inpas by punt 2 nie, sal op 'n afsonderlike basis ondersoek en geëvalueer word.
4. Die HSMO sal aansoeke slegs kan goedkeur indien die HSMO se finansiële posisie dit toelaat.

**AANSOEK PROSES**

1. Die skool doen **skriftelik** aansoek, waarin die volgende uiteen gesit moet word:
   a. Item waarvoor aansoek gedoen word
   b. Totale koste van die item wat verbeter of aangekoop word.
   c. Persentasie bydrae gevra vanaf die HSMO.
   d. Motivering vir die aansoek.
2. Die aansoeke kan gerig word via die HSMO Bestuur epos adres: hsmondersteunersklub@gmail.com
3. Die HSMO Bestuur sal die aansoek evalueer en skriftelik terugvoering gee oor die uitkoms van die aansoek.
4. Die omkeertyd vanaf ontvangs van die aansoek tot en met die uitreiking van die terugvoerbrief sal nie meer as 30-kalenderdae neem nie.

| **Beleid Geskiedenis** | | | |
|---|---|---|---|
| **Beleid Nommer en Naam** | HSMO 002 | Finansiële Bydrae beleid (skoolperseel en toerusting) | |
| **Beleid geskryf deur** | HSMO Bestuur 23/24 | Effektief vanaf 1 Mei 2023 | |
| **Volgende hersiening van beleid** | **Verantwoordelike persoon** | **Datum hersien** | **Nota (Veranderinge aangebring ens.)** |
| April 2024 | HSMO Bestuur 24/25 | Mei 2024 | Geen verandering |
| November 2024 | | | |
| November 2025 | | | |
| | | | |
| | | | |